

# Leesbare nie-fiksie oor Suid-Afrikaners wat trauma beleef

STANLEY JONCK
**Boekkeurder**

Ons lees gereeld in die media van skokkende ervarings wat mense deurmaak. Dit raak ons harte aan, want dit kon net sowel met ons gebeur het. Daar is heelwat sulke ware lewensverhale in boekvorm gepubliseer en verskeie daarvan is in ons openbare biblioteke beskikbaar. Dink maar aan Alison Eilerd se skokverhaal in **I have life: Alison's journey** (Penguin, 1998), soos oorvertel aan Marianne Thamm. Die boek vertel van Alison se ontvoering voor haar blyplek in Port Elizabeth in 1994. Sy was deur twee mans verkrag en wreedaardig aangerand . . . vir dood agtergelaat. Die aanval was só grusaam dat dit onmoontlik klink dat sy dit kon oorleef het. 'n Wonderwerk móés – en hét – gebeur om haar lewe te spaar.





- Dieselfde twee mans wat Alison aangerand het, het ook vir Debbie Neville ontvoer, verkrag en wreed aangerand. Ons lees hiervan in **Debbie's story: a journey to healing** (Southern Book, 1997), soos oorvertel aan Jenny Harrison. Debbie vertel haar skokkende, onstellende lewensverhaal. Haar pa het haar vanaf sesjarige ouderdom tot in haar tienerjare seksueel gemolesteer en walglike dade met haar gepleeg – haar selfs aan sy vriende aangebied as prostituut. Haar gesinslewe was een groot nagmerrie. Debbie het 'n lang en moeilike pad na genesing gestap.
- Anchien Troskie vertel onder die skuilnaam Elbie Lötter in haar boek, **Dis ek, Anna** (Tafelberg, 2004), hoe haar stiefpa haar seksueel gemolesteer het vanaf agtjarige ouderdom totdat sy sestien jaar oud was. Geen leser kan onaangeraak bly na die lees van hierdie eerlike, hartverskeurende, ware lewensverhaal nie.
- Marianne Thamm het Nigel Fairhead ook bygestaan met sy boek, **When all else falls away** (Penguin, 2005). Hierin vertel Nigel hoofsaaklik sy eie lewensverhaal, maar daar is ook 'n lang gedeelte oor die dood van sy vrou en dogter in Januarie 2000. Brenda (46) en hul elfjarige dogter, Kia, is ontvoer, verkrag en vermoor deur drie mans terwyl hulle gaan visvang het in Nature's Valley. Brenda het waarskynlik met al haar kragte teruggeveg om haar dogter te probeer beskerm. 'n Mens se hart krimp ineen aan die gedagte aan hul lyding en laaste lewende oomblikke.




- Thembelani Ngenelwa vertel in sy boek, **The day I died: [a true story of survival]** (Kwela, 2007), hoe hy byna dood is toe 'n groep van vyf mans hom en sy vriende in Oktober 2003 in die donker by 'n treinspoor in Germiston aangeval het. Thembelani het gaan werk soek in Johannesburg en het die betrokke aand by vriende in 'n informele nedersetting gaan kuier. Onbekende mans het op hulle begin skiet op 'n kort afstand. Thembelani is vyf keer gewond – in die bors, twee keer in die maag en een keer in die rug. Die aanvallers het hom op die treinspoor gesit met die bedoeling dat hy doodgery moes word. Thembelani glo

dat sy Skepper tot sy redding gekom het daardie aand toe hy Hom om hulp gesmeek het. Die boek is ook in isiXhosa beskikbaar as **Ukuvuka kwam ekufeni**.


- In **Fruit of a poisoned tree: a true story of murder and the miscarriage of justice** (Ball, 2010), doen Antony Altbeker verslag oor Fred van der Vyver, 'n jong aktuaris en seun van 'n welgestelde Oos-Kaapse familie wat in Junie 2005 aangekla is vir die moord op sy meisie, Inge Lotz. Hy is daarvan beskuldig dat hy haar gewelddadig doodgeslaan het met 'n hamer terwyl sy op die rusbank in haar woonkamer gelê het. Hierdie is een van die mees sensasionele en kontroversiële moordverhoorsake in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis. Die bekroonde Altbeker se ooggetuieverslag van die verhoor word aangebied in die tradisie van 'nuwe joernalistiek'. Groot dele bestaan uit gedetailleerde weergawes van die hofgebeure en kyk ook na die administrasie van geregtigheid in Suid-Afrika, soos van toepassing op hierdie saak.




- Esta Steyn vertel in **Die grafte jubel: kroniek van pyn en genesing na die dood van 'n kind** (Lux Verbi, 2000), van die pyn en genesing oor die dood van haar twee seuns, enkele jare na mekaar. Dis 'n ontroerende verhaal.
- Dr Henk Gous, 'n NG Kerk predikant van Gauteng, skryf in sy boek **Om die ondraaglike te dra** (Christelike Uitg., 2005), oor die selfmoord van sy tienerdogter wat aan depressie gely het. Hy en sy vrou, die kliniese sielkundige dr Ansie Gous, gee verdere raad aan lesers oor die identifisering en hantering van depressie by kinders in hul onlangse boek, **As 'n kind se lag verdwyn** (Christelike Uitgewersmaatskappy, 2009). In *Rapport Weekliks* word daar geskryf: 'Die skrywers van hierdie boek het tot die gewaagde stap oorgegaan om 'n boek te skryf oor depressie by kinders nadat een van hul vier kinders, die 16-jarige Janie, ses jaar gelede selfmoord gepleeg het . . . die Gouse is ontwapenend eerlik . . . As jy na teksverse soek ter troos en stigting, gaan jy dit beslis nie hier kry nie. Wat volg, is ook nie 'n selfbejammerende mymering van 'n predikantsegpaar nie, maar 'n praktiese boek wat enige ouer en onderwyser as deel van kinderopvoeding behoort te lees – of jy 'n depressiewe kind of leerlinge het of nie. Die skrywers fokus op simptome, snellers, blaam, rolle, reëls, *hang-ups* en professionele ingryping (belangrik!). En daar word nie net van tieners gepraat nie, hier gaan dit ook om babas, kleuters, voorskoolse kinders en laerskoolkinders.'




- In **Henri stap aan** (Corals Pub., 2008), vertel Lizette Murray oor die dood van haar seun. Henri was 'n lewenslustige mediese student en toegewyde Christen met 'n onblusbare liefde vir mens en natuur. Hy het op 4 Junie 2005 ná 'n haai-aanval by Millerspunt aan die Kaapse kus in die see verdwyn. Die boek word 'n onverwagse soort reisverhaal op 'n ongebaande weg waarin die staptema herhaaldelik opduik. Die skrywer word die leser se toergids wat jou terugneem op die voetspore van haar geliefde middelkind in sy kinderdae. Maar dit is ook 'n begeleide staptog deur die Dal van Doodskaduwee: die pynlike pad van rou wat 'n mens noodgedwonge na so 'n tragedie moet loop voordat jy ewigheidsin uit die gebeure kan begin maak. Die boek bestaan uit sowat vyftig kort, treffende essays wat ook as rubrieke in die tydskrif *Lééf* verskyn het.





- Die bekende skrywer Helene de Kock se oudste seun het in 2004 in 'n motorongeluk gesterf. Sy skryf hieroor in **As dood lewe word: 'n verhaal van bemoediging vir elkeen wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan** (Christelike Uitg., 2007). 'Dit is die verhaal wat die ongenaakbare waarheid vertel van die finale afskeid, die harde werklikheid en die aanvaarding van die onmenslike wanneer 'n geliefde sterf. Die leser stap die pad saam met die ma in die tydperk net voor en ná haar seun se dood, en hoe die gesin mekaar ondersteun het en deur ander ondersteun is, maar bo alles: hoe hulle aanvaar het dat 'n almagtige God dit so beskik het en dat hulle Hom vir sy beloftes kan vertrou.' (*www.graffitiboeke.co.za*)

## Nog titels

'n Paar onlangse toevoegings tot hierdie tipe leesbare nie-fiksie in Afrikaans, wat waarskynlik nog nie almal by die biblioteke beskikbaar is nie, sluit in:

- Bredenhann, Douwleen **'n Hemelhoë hekkie: hoe lank neem dit om die moord op jou kind te verwerk?** Tafelberg, 2010. Ook in Engels beskikbaar as **Living without Liesl**.


  "'Op 26 Februarie 1988, vroegaand, net na ete," skryf Douwleen Bredenhann op die eerste bladsy van hierdie diep hartroerende boek, "het die onnoembare met ons oudste dogter, Liesl, gebeur. Op daardie warm Vrydagaand is sy, 'n maand voor haar negende



verjaardag, binne ons erf in die agtertuin vermoor." Liesl se moordenaar, wat uiteindelik tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis is op aanklagte van moord met versagtende omstandighede en poging tot verkragting, was 'n 16-jarige seun wat 'n paar huise van die Bredenhanns gewoon het. Die twee gesinne het mekaar geken. Die jong moordenaar was skaars ses jaar in die tronk voordat hy in 1994 deur die nuwe staatspresident begenadig en vrygelaat is. **'n Hemelhoë hekkie**, is Bredenhann se hartverskeurende, ware vertelling van die skok, pyn en uiteindelik 'n geleidelike sort heling wat tydens en ná die tragedie plaasgevind het. En natuurlik hoe om dit verwerk. Niemand sal onaangeraak wees ná die lees van hierdie boek nie.' (*Die Burger*)




- Neser, Erica **Een voet voor die ander** - Protea Boekhuis, 2008.Die Nieuwenhuis-gesin het in 2004 gaan langnaweek hou in die berge naby Kleinmond. Op hul eerste aand ontaard die onskuldige voorbereiding van hul aandete in 'n verwoestende fratsongeluk. Die gasstoof ontplof in Paul se gesig. Hul sesjarige seuntjie en twintig maande oue babadogtertjie was ongeskonde, maar Paul en hul negejarige dogtertjie is onherkenbaar geskend. Aniek was met 96% tweede- en derdegraadse brandwonde in die Rooikruis Kinderhospitaal opgeneem – 'n persentasie wat nog nooit vantevore suksesvol in Suid-Afrika behandel is nie. Haar kans op oorlewing was 20%. Hierdie is 'n hartverskeurende en aangrypende lewensverhaal wat tot enige leser sal spreek.





- Louw, Elsabet. **Woensdag: 'n ware verhaal van verkragting en vergifnis**.- Oshun, 2009.
Toe Elsabet Louw een Woensdagmiddag wreed verkrag is in die damestoilette by 'n winkelsentrum het sy aanvanklik wat met haar gebeur het, ontken. Deur die verkragting as bloot 'n 'aanranding' te beskryf, het sy haarself teen die wrede werklikheid probeer beskerm. Toe sy uiteindelik die waarheid konfronteer, het Elsabet wraak gesweer teenoor haar verkragter, wat ook vier ander vroue verkrag het. Voordat sy teen die man sou getuig, het sy haar voorgeneem om haar .38 Special by die hof in te smokkel en hom koelbloedig dood te skiet. Elsabet het egter vergifnis gevind en as gevolg van haar ervaring, ondersteuningsgroepe vir verkragtingslagoffers regdeur Suid-Afrika gestig.

- Van Eeden, Elize. **Woestyn vol hoop**.- Corals, 2009.
Op 26 Desember 2006 het Elize van Eeden haar man en seun in 'n tragiese motorongeluk op die berugte Solitaire-pad, naby die bekende Duin Sewe buite Walvisbaai in Namibië verloor. In hierdie boek herleef sy hierdie hartseerdag en vertel sy hoe sy haar hartseer probeer verwerk het deur die boek te skryf. In hoofstuk een vertel Van Eeden, 'n professor in Geskiedenis aan die Noordwes-universiteit, van die gebeure rondom die ongeluk, maar die res van die boek is geskryf om mense te help om met die Bybel in die hand deur die woestyntye in hul lewe te kom. Sy gebruik Bybelfigure en -verhale om lesers te inspireer.




- Bernard, Frieda. **Die engele om my: my stryd met borskanker.**- Lapa, 2009.
Hierdie is die hartroerende ware verhaal van 'n vrou se stryd teen kanker. Om dit nog erger te maak het haar man haar in die proses gelos. Frieda Bernard se vertelling is eerlik en gee 'n broodnodige perspektief op 'n siekte wat wêreldwyd toeneem. Haar verhaal ontroer en inspireer. Sy gee 'n onverbloemde realistiese uitbeel-ding van wat dit regtig beteken om kanker te hê. Die boek is 'n treffende getuigskrif van mens se vermoë om teen 'n oormag aftakelende pyn en wanhoop te bly veg.




- Botha, Aniel. **'n Dans met die dood: joernaal van 'n anoreksielyer**.- Zebra, 2010.
Toe Aniel Botha sewentien jaar oud was is haar jarelange morbiede obsessie oor kos as anorexia nervosa gediagnoseer. Maar vir hierdie sensitiewe en begaafde skolier met 'n passie vir ballet was die woord anorexia, wat aptytverlies beteken, eintlik 'n wanbenaming, want sy was gedurig honger - vir kos, vir rus, vir liefde en aanvaarding, maar veral vir die dood. Niemand, nie eens sy self, kon die redes vir haar selfvernietigende gedrag peil nie. Sy is uiteindelik op drie-en-twintigjarige ouderdom op aanbeveling van 'n sielkundige in 'n psigiatriese hospitaal opgeneem. Hierdie boek is haar eie aangrypende beskrywing van die ses weke wat sy in die Eetsteurnisafdeling van die hospitaal deurgebring het en van die ander pasiënte wat sy daar ontmoet het. Die leser vergesel haar op haar pynlike reis terug van die afgrond, en kry onderweg diep ontstellende insigte in die gemoed van 'n anoreksielyer.

CL